# GENERALE MISSIVE

***Nuusbrief van die Stigting VOC 5/13***
***Newsletter of the VOC Foundation***

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
Internet: http://www-voc-kaap.org E-pos: vocinfo@voc.org Skakel/*Contact*: Mnr B. de Vries (Lidmaatskap /*Membership)* Tel.: 021-851-3850. e-pos: boudewyn@mweb.co.za. Mnr C. Wessel (Finansies /*Finance*) tel: 082-377-1682.

-----------------------------------------------------------------------------------------------

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Internet**: http://www-voc-kaap.org **E-pos**: vocinfo@voc.org **Skakel/*Contact***: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: r.dcb@icloud.com. **Lidmaatskap /*Membership*:** mnr B. de Vries: tel. 021-851-3850. e-pos: boudewyn@mweb.co.za. **Finansies / *Finance:*** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank**: ABSA rek. 9258840691 StigtingVOCFoundation.

-----------------------------------------------------------------------------------------------

*Welaen Vrunden!*
Tensy iets fantasties gebeur is dit is ons laaste *Generale Missive* vir 2013. Dit was ’n besonder woelige en suksesvolle jaar. Van al die goeie dinge wat vanjaar met ons Stigting gebeur het, sal u by ons Algemene Jaarvergadering in die nuwe jaar hoor. Die bestuur hoop om u almal daar te sien, om ’n ontsagwekkende indruk op ons belangrike gasspreker te maak.

**Nuwe lede**
Ons verwelkom graag die volgende nuwe lede: Mnr. Dawie de Beer, me. Dorith de Bruin, me. Jeanne de Villiers, me. Joy Smith en mnr Lucas van Vuuren, en wens hulle ’n lang en gelukkige verbinding met die Stigting VOC. Skryf asseblief aan ons, nuwe lede, met navrae oor die VOC, die Kaap in die VOC-tyd of met interessante bydraes, wat ons graag plaas.

**Kasteel de Goede Hoop, onder nuwe bestuur.**
In April vanjaar is mnr Calvyn Gilfillen aangestel as ons Kasteel se nuwe Hoof Uitvoerende Beampte. Hy is ’n Wupperthaller van oorsprong, wat Geografie by UWK gedoseer en daarna jare in die toerisme-bedryf gewerk het. Ons het ’n lang onderhoud met hom gehad en is bemoedig deur sy inklusiewe houding en positiewe optimisme oor die Kasteel se toekoms. Hy beoog o.a. om ’n vrywillige openbare ondersteuningsgroep te vorm (iets soortgelyk aan ’n ‘Vriende van die Kasteel’ groep, wat die bestaande Kasteel Beheerraad met raad en daad sal ondersteun), waarop ons Stigting ’n setel gekry het. Ons is in ’n bevoorregte posisie en moet dit deeglik benut.

**Nuwe Nederlandse Konsul-Generaal**
Voorsitter Leon het konsul-generaal Bonnie Horbach in haar nuwe pos welkom geheet en uitgenooi om soos haar voorgangers, van oud-konsul Dirk Bins af, ere-lid van ons Stigting te word. Sy het spoedig geantwoord: ‘*Veel dank voor het eervolle verzoek dat ik met dankbaarheid accepteer. Ik hoop u spoedig persoonlijk te mogen ontmoeten.*’ Ons sien uit na die geleentheid.

N.S.: Onthou u vir oudkonsul-generaal Harry Molenaar? Hy het in 1996 ons uitstalling in die Kasteel geopen, ten tye van HKH koningin Beatrix se besoek. Hy is nou die Nederlandse ambassadeur in Maleisië, sy laaste pos voor hy aftree.

**Besoek aan Minister Meyer**
Voorsitter Leon probeer steeds om ’n afspraak met minister I. Meyer (Kultuursake, Wes-Kaap) te reël om sy hulp te vra met sekere sake wat ons in die uitvoering van ons basiese opdrag (bewaring, opvoeding en kultuurtoerisme) dwarsboom. Die minister se druk program maak dit moeilik.

**Uitstappie na *Vissershok, Sondagsfontein* en Philadelphia.**
Op 12 Oktober het 36 entoesiastiese op die werf van die Kompanjie se gewese buitepos *Vissershok* (eienaar, mnr A. Brink) vergader, om na die beroemde ou plaas aan die Dieprivier te kyk, en te luister na sy oorspronklike pioniersrol in die Kaapse ekonomie, en sy latere misbruik vir selfverryking deur die goewerneurs. Die vierkantige werfmuur, teen ‘*wilt gedierten*’ (in 1714 was daar nog leeus, wildehonde en ‘*wolven*’) staan nog. In elk van die vier mure is ’n massiewe, versierde toegangspoort. Die datum 1768 op die suidelike poort (op ’n Elliot-foto) wys dat dit in Tulbagh se tyd gebou is. In ’n pakruimte onder die huis, tussen die balke wat die huis se vloer dra, het ons ’n vreemde voorwerp van hout gesien, blykbaar ’n soort katrol, soos die horisontale wind-as waarmee *Meermin* se anker opgehaal is. So lyk dit, maar waarvoor is dit gebruik?

[Foto: Calla Wessel]

Op *Sondagsfontein*, 'n Koebergse koringplaas van mnr A. Louw, was baie te sien. 'n Pragtige rooi haan het ons aankoms aangekondig, en onder die bome was pronkende kalkoene. Op 'n hoogte waar dit die wind sal vang is die oorblyfsel van 'n trapvloer, gebou van Malmesbury-skalie. Sy regte naam is *Rondebosjesberg.* Dit was 'n plaas wat aan Elsje van Suurwaerden behoort het, soos *Elsjeskraal* en *Altydgedacht* (en deur haar verbintenis met goewerneur De la Fontaine, indirek aan hom of hulle albei). Op die werf staan die seinkanon waarmee die algemene alarm in die agtiende eeu van nabygeleë Rondebossieberg gevuur is. Nou netjies gerestoureer en gemonteer, wag dit om na sy oorspronklike plek terug te gaan. In mnr Louw se private museum is 'n merkwaardige versameling artefakte wat hy op die plaas self bymekaar gemaak het, soos foto's van die plaas oor die jare, deurboorde 'boesmanklippe' en maalklippe, dissels, skopgrawe en hooivurke van hout, sense en sekels, tuie, skrynwerkersgereedskap, blikke, kiste ('Pikkewyneiers, SAS & H') en bottels, en nog veel meer. Indrukwekkend en wonderlik interessant. Ons is ook getrakteer op lekker verversings, en het van die plaas se stoep af die heildronk 'Huis van Oranje' geroep.

[Foto:

*Philadelphia,* hoofstad van die Koeberg, het as N.G. gemeente 'n eeu-en-'n-half gelede van Durbanville afgestig. Die geleentheid word vanjaar herdenk. Meeste van die dorpie se Edwardiaanse sinkdakgeboue, soos die poskantoor, polisiestasie en skool is steeds die kerk se eiendom. Die kerk se vloere, mure en banke is van goudgeel Oregon-den gemaak. Ons het in daardie banke gesit terwyl fees-organiseerder mnr Hennie de Kock en dominee Davids ons onderhoudend oor die kerkstigters, die oudste Koeberg-families soos die Louws en Van der Spuys, vertel het. Daarna het ons die dorp se toeriste-aantreklikhede verken en ook die ou kerkhof anderkant die spruit, waar van dieselfde Louws en Van der Spuys onder verweerde marmerstene rus. Dankie Nico, dit was 'n uiters interessante en aangename ervaring. Die dag het ook 'n mooi bedrag vir die *Meermin*-boufonds opgelewer.

**Eerste lesing van 2014.**

Sodra die Transvalers weer huis toe is en die kinders terug op skool, hervat ons ons aktiwiteite. Bo-aan die lys is 'n Nederlandse navorser Ria Winters, wat ons Argief besoek om navorsing oor die uitgestorwe diere van buitepos Mauritius te doen. Die eerste, en in sommige gevalle moontlik die laaste, mense wat daardie diere gesien het, was VOC-dienaars. Verskeie opperhoofde het lyste en beskrywings van die eiland se rare voëls, visse en reptiele Kaap toe gestuur. Opper Lamotius het selfs tekeninge van die visse gemaak. Die VOC se skatkis van inligting is onuitputlik. Sy spreek ons toe, met illustrasies, om 10:30 op Saterdag, 18 Januarie 2014, by Huis der Nederlanden. Skryf solank dié datum op u nuwe kalender.

**Ms *Die VOC in SA.***

Redaksie-voorsitter Con de Wet berig dat ons Stigting se boek ***Die VOC in Suid-Afrika,*** oor die Kompanjie se werksaamhede in hierdie geweste, aanstaande jaar in Augustus by Protea Boekehuis verskyn. Die uitgewer het reeds 'n ruim skenking van R35 000 by die Fonds Neerlandistiek bekom om dit moontlik te maak, en soek na nog 'n borg of twee.

**Lopende projekte:**

**'Oupos' gedenkplaat.**

Die Historiese Monumente Kommissie se naïewe, foutiewe en sosiaal-aanstootlike gedenkplaat by die buitepos *Rietvalleij aan de Buffelsjagtrivier,* (bekend as 'Oupos' op Erfenis Wes-Kaap se lêers) is verwyder. U sal die grys piramiede langs die Suurbraak-pad onthou, ons het dit op ons toer in April nog besoek.

**Geelbek baken.**

Die Weskus Nasionale Park was lank sonder 'n plaasvervager vir die amptenaar met wie ons in gesprek was oor die maak van 'n replika van die VOC-baken op Geelbeksfontein, binne die park. Die Park het nou die vakature gevul met 'n Duitse 'uitruil-amptenaar,' die jong, entoesiastiese, mnr O. Budey. Die Stigting hervat dus die gesprek na amper 'n jaar. Mnr Budey se 'uitruil' duur net tot Junie, 2014 en hy hoop om die projek dan afgehandel te hê.

**Sogenaamde Van Riebeeck-heining.**

Ons Stigting het op 21 November die vergadering van Erfenis Weskaap se graderingskomittee bygewoon, waar ons voorstel vir die deproklamasie van die sg. Van Riebeeck-heining aan Klaassensweg, Bishopscourt ter tafel was. Ons geïllustreerde voorlegging is goed ontvang. Die komitee (voorsitter dr Antonia Malan) het in ons guns besluit, en dit is nou na E-WK se Raad verwys vir bekragtiging. Hopelik aanvaar hulle dit, waarna die publiek 'n kans sal kry om te reageer (dit is 'openbare deelname,' baie demokraties). Dus is die stryd nog nie afgehandel nie. Ek verwag opposisie van Regs (uit onkunde) en Links (uit vooroordeel. Oud-president Mbeki het in 1999 nog die 'heining' as 'n politieke lat gebruik in die parlement.) Ons het voorgestel dat Stad Kaapstad die bestaande bome vir opvoedkundige doeleindes in bewaring neem.

**VOC graanskuur**

Die stryd om die behoud van die VOC-graanskuur op die hoek van Strand- en Breestraat is eindelik beslis. Die moderne ontwikkeling mag nie voortgaan nie. (Sien *Die Burger*, 20.11.2013.) Twee persone wat hulle hart en siel in die stryd gestort het is die moedige Marie-Lou Roux en bewarings-joernalis Martiens van Bart van *Die Burger*. Dit was amper soos Dawid teen Goliath. Die eienaars sê hulle gaan dit nie daar laat nie.
PIET, PLAAS ASB DIE BERIG HIER?

**Buitepos Houd den Bul**

Hierdie maklike, interessante nuwe bewarings- en opvoedingsprojek wag net op 'n entoesiastiese senior lid om die leiding te neem, om nog 'n kleurvolle pluimpie in ons

Stigting se hoed te word. Die vrywilliger kan op alle hulp van die uitvoerende komitee staatmaak. Skakel my asseblief.

**Projekte voltooi: *Meermin* loop van stapel.**

Op 7 November het voorsitter Leon ons model van die slaweskip *Meermin* tydens 'n klein plegtigheid aan die waarnemende hoof van Iziko Museums oorhandig. Daarmee kom 'n projek van amper drie jaar suksesvol tot einde. Ons moet komiteelid Piet Westra spesiaal hiervoor uitsonder en gelukwens. Hy was die inisieerder, hoof-fondsinsamelaar en drywer van die projek. So pas het hy van die Van Ewijk Stigting en die Kaapse Stigting elk nog 'n bykomende R10 000 vir die projek bekom. Daardeur het ons 'n pragtige, lewensgetroue en waardevolle model laat bou wat ter wille van beter opvoeding insake slawerny, in bruikleen aan die Slawelosie Museum gegee is. Dis ons Stigting se bydrae tot die VOC se slawegeskiedenis.

**Uit die Argief: 'n Vreemde mengelmoes**

Wat sou 'n jongeling, sê maar 'n vissersseun soos Jaap den Heyer uit Scheveningen, as baksmaats in die vooronder vind, wanneer hy in die sewentiende eeu uit avontuursug en armoede by Kamer Delft gaan aanmonster om op 'n reis van agt maande Ooste toe te vaar? Niks as '*alderhande vreemdelingen en uitheemse natie, als Polakken, Sweeden, Deenen, Noor-luyde, Jutte, Hamborgers, Bremers, Lubekkers, Dantsikers, Koninxbergers, Hoogduytse, Oosterlingers, Westfaalders, Bergse, Gulikse, Kleefse en voort alderhande moffen, poepen, knoete, hannekemaijers en andere groene kassoepers die 't gras nog tussen de tanden steekt.*' [N. de Graeff: *Oost Indise Spiegel*, Den Haag, 1930, p. 47.] Doe' je best maar, Japie-jonge.

**Silwermedalje V, 2013**

Dit was ons voorreg om vir die vyfde keer ons Silwer Medalje toe te ken aan 'n persoon wat buitengewone moeite gedoen het om die VOC se gedagtegoed te beskerm en uit te dra. Die ontvanger was kaptein F. Morkel van Kasteel de Goede Hoop. Die geleentheid is waardig en feestelik by die Erinvale Hotel in Somerset-Wes gevier, na 'n vergadering van die uitvoerende komitee. (Het u die kroning van koning Willem van Nederland dopgehou? Merkwaardig; dit het geskied as deel van 'n vergadering van die State-Generaal.) Francois word nou 'n ere-lid van ons Stigting. Wat 'n plesier was dit om ons lede formeel geklee, silwer speldjie in die lapel, vir 'n maaltyd bymekaar te hê. Martiens van Bart ('n vorige wenner) het daarna in *Die Burger* 'n uitgebreide artikel met vele illustrasies gewy aan ons medalje, sy oorsprong en vorige wenners. Vir dié reklame is ons hom baie dankbaar.

**Martiens van Bart tree af**

Martiens van Bart, veteraan-joernalis, tree aan die einde van November af by Media24. Sy gereelde bydraes oor kultuurgeskiedenis in *Die Burger* was die rede waarom ek omtrent al twee dekades lank die Saterdag-koerant koop. Eers was hy redakteur van die bylae *Kultuurkroniek,* vier bladsye propvol historiese en bewaringsinligting so reg na my

smaak. Hy was ons Stigting en ons doelwitte (VOC-bewaring, opvoeding en kultuurtoerisme) altyd goedgesind. Vir die VOC se 400ste herdenking in 2002 het hy ’n volle geillustreerde bylae uitgegee, en weer vir die 200ste herdenking van die Slag by Blaauwberg (1806). ’n Paar van die geboue uit die VOC-tyd waarvan hy onvermoeid die bewaring bepleit het, of verslag oor gegee het, was Kasteel de Goede Hoop, die Graanskuur aan Strandstraat, die ‘Palace Barracks’ in Simonstad en die Brand-huis in Glencairn. Hy het ook persoonlik moeite gedoen om fondse te bekom vir die restourasie van die Komediehuis (nou St Stephen’s kerk) langs Breestraat en die Hugenote Gedenkskool in Daljosaphat. Die koerant het later Martiens se ruimte verminder, maar dit het nie sy geesdrif geblus nie, hy het steeds kultuurgeskiedenis verkondig, soos wanneer daar rare en interessante voorwerpe opgeveil gaan word. Martiens se styl was kenmerkend, hy was een van die min ‘karakters’ van moderne joernalistiek. Sy werk word voortgesit: Lees *Kultuurkroniek* op die FAK se webwerf: www.fak.org.za. Dit was ’n voorreg om met hom saam te werk. Ons, bewaringsgesindes sal hom mis.

**Nog ’n wenner**

Ons lid dr Francois Verster het in September die Afrikaanse afdeling van Maskew Miller Longman se romankompetisie gewen. Francois het lank in die Kaapse Argief gewerk, en is nou Media24 se argivaris. Veels geluk Francois, en voorspoed vorentoe.

**Insake posklippe**

In *Generale Missive 4/13* het ons vertel van die komende besoek aan Kaapstad van Mara de Groot van die staatsdepartement ‘Rijksdienst voor het Cultureel Erfgoed’ om ’n dokumentêre video oor posklippe te maak. ’n Deel van haar opnames is te sien in die tv-program *Brieven boven Water*, waarin ongeveer 40 van die inskripsies by Plage des Hollandaise (Hollandse Baai) op Madagaskar verskyn. Die oudstes is uit 1601. Ons het die video op ons webwerf gesit, waar u dit kan sien. Die reeks *Brieven boven Water* bestaan uit ’n aantal episodes. In elkeen word ’n moderne Nederlander deur historici gehelp word om met hulle voorvaders (dikwels VOC- personeel) kennis te maak. In Mara se episode hoor ’n afstammeling van skipper Woutersz van die skip *Middelburg* uit 1625, wie se naam op Madagaskar gegraveer is, van sy ongelukkige laaste reis. Daar is ook ’n tweede episode, waarin ons sien hoe die bekende prof. Bruijn (van o.a. Gaastra, Bruijn en Schöffer: ‘*Dutch-Asiatic Shipping’*) verduidelik hoe iemand se voorvader deur sy skipper afgeransel is. Op die skerm word dan ’n kats (’n sweep met houthandvatsel en sewe of nege rieme aan) vertoon. Maar is dit eg? Ek sal graag verneem of enigeen kan sê of daar bewens die bekende ‘*endje touw,*’ (sien illustrasie: ’n meterlange, vingerdik tou deur kwartiermeesters gebruik om matrose te verskrik), ook die kats gebruik is.
**[Foto: Jean Sleigh]**

Terwyl ons, met Iziko Museums se toestemming, ons plaaslike posklippe gefotogafeer het, het dit by my opgekom dat dit jammer is dat hierdie kosbare artefakte - almal pre-koloniaal en die oudste tekens van Europese teenwoordigheid in hierdie deel van die wêreld - in die donker in ’n kamertjie in die Slawelosie Museum lê, waar geen

oog hulle sien nie. Myns insiens hoort dit in die Kasteel, waar die wêreld dit kan ondersoek en geniet.

Kyk verder oor VOC-sake: (1) http://vocopvarenden.nationaalarchief.nl
(2) http:// www.maritiemprogramma. nl/WID DAS.hmt

**Bakstene**
Daar loop ’n storie dat ’n gebou se ouderdom beraam kan word aan die ongebakte stene in sy struktuur, want die Kompanjie het in die agtiende eeu ’n paar dekades lank die bak van stene verbied. Weereens sal ek graag verneem wie die storie begin het, en watter bronverwysings gebruik is om die stelling te staaf. Enige inligting? Anders moet ons help om die mite te smoor.

**Seemanswoordeboek**
In 2011 het ’n heruitgawe van Wigardus á Winschooten se seemanswoordeboek, getitel *Seeman* verskyn. Dit is oorspronklik in 1681 (toe die ouer Van der Stel hier kommandeur was en nog voor die Kasteel ’n dwarsmuur gehad het) in Leiden gepubliseer. Nou is dit onder redaksie van H. Beelen, I. Biesheuvel en N. van der Sijs heruitgegee deur Walburg Pers, Zutphen. Dit bevat die vakkundige woordeskat van die 17de eeuse matroos, wat as ‘tweede taal’ van die destydse Nederland beskou kan word. Wat is ’n *lyk*? Die tou waarmee ’n seil omsoom is. Wat is *wraak*? Die sydelingse afdryf van ’n skip. Wat is ’n *leng*? ’n Oog in die middel van ’n tou. Die woordelys is hoogs interessant en vermaaklik, en deurgaans goed geïllustreer. Agterin vind jy ’n CD Rom met verskeie ander maritieme woordelyste, o.a. die van Witsen (1680) Zonhoven 1740) Sprenger van Eyck (1836) Van Lennep (1856) en Pan (1857).

**Waar is die hel?** Die Amsterdamse patrisiër Nicolaas Witsen (albei ons Van der Stels het hom persoonlik geken) was teen die einde van die sewentiende eeu lid van Here XVII, burgermeester van Amsterdam, reisiger na Moskovia, natuurkundige navorser en skrywer. Hy het onder andere ’n groot aantal tekeninge van skeepsonderdele met byskrifte laat maak. Hier is die *hel,* die kleinste vertrekkie, agter die skuins boegpaal en totaal donker.

FOTO

Die *hel* is gebruik as tronk vir die slegte matroos, die dief, mestrekker, die een wat dronk aan boord gekom het. Die woord beteken ‘*skuinste*.’ Ons ken uitdrukkings soos, ‘die toring *hel* oor na regs’ of ‘dit het ’n *helling* van veertig grade.’

Teen die skuins berghang noord van Constantia was die buitepos De Hel, ’n houtkappery van die Kompanjie. Ry vandag daar met die pad Houtbaai toe, en jy sien die groot kennisgewing: ‘De Hel Staproete.’ (Moenie alleen daar stap nie.) Ek lei af dat die Gamkaskloof in die Klein-Karoo om dieselde rede die bynaam Die Hel (die skuinste) gekry het. [Foto uit: H. Beelen, I. Biesheuvel en N. van der Sijs (reds.): *Seeman*. Zutphen, 2011.]

**Toer na Mauritius**
Ons het vroeër ’n opname onder lede gemaak, om te kies tussen ’n toer na Nederland of na Mauritius, om interessante VOC-plekke daar te besoek. Meeste het vir Mauritius gestem; hul gevoel was dat Nederland reeds bekend was. Ek stem nie heeltemal daarmee saam nie, want die gewone toeris kom byvoorbeeld nooit in die pakhuise van die Rotterdamse Maritieme Museum of die kluise van die Nationaal Archief nie, waar ons groep wel sou kon kom. En hoeveel toeriste besoek Texel en Delfshaven, waar die skip *Delft* in aanbou is?

Die voorkeur is dus vir Mauritius, en as daar genoeg entoesiaste is, doen ons dit in 2015. Ons sal vasstel wat die beste tyd van die jaar is en u inlig oor pryse. Ons bly vir ongeveer ’n week in B en B’s en kombineer die oue en die nuwe: In die voormiddag besoek ons VOC- plekke per gehuurde bus, in die namiddag is u vry om die wonderlike eiland te geniet. Die eiland se oppervlakte is klein, dit sal Kaapstad, Durbanville, Stellenbosch en Valsbaai bedek, maar bevat ’n wonderlike natuurlike en historiese verskeidenheid. Daar is natuurskoon (tropiese riwwe, vreemde vulkaniese berge en rotsformasies met verbeeldingryke name soos *Trois Mamelle (*‘drie spene’*), le Pouce (*‘die duim’*), le Chat et Souri (*‘kat-en-muis’), watervalle, botaniese tuine, tropiese strande en stede (markte, museums.) Nêrens in Europa het ek mooier gekleurde glasvensters gesien nie as in die katedraal *l’ Eglise de Ste Hélène* in Curepipe. By Curepipe (in die Kompanjie se dokumente ‘*’t natte bos*,’ of reënwoud) is die geheimsinnige *Troux aux Cerf* (‘Bokgat’), en ook die plek om ’n modelskip (hoë kwaliteit teen ’n redelike prys) as aandenking te bekom. Ek het veertig jaar gelede die eerste van my modelle daar gekoop, en belangstellendes gaan sekerlik die werkswinkels besoek. Ons besoek natuurlik ook die plek van die buitepos Fort Frederik Hendrik by Vieux Grande Port, en Kuiperseiland by Noordweshawe (Port Louis), waar die Saaymans gewoon het. En daar is oosterse sy en katoene, en oosterse lekkernye soos *orit* (gekerriede seekat met rys) vir aandete.

**[Kaart.  L.B. Beck: Die buitepos Mauritius, 1710.]**
Voordat enige beplanning kan begin, moet ons weet hoeveel mense, dit is ons lede en vriende, belangstel. Met twintig doen ons dit. Die vlug Kaapstad-Mauritius is direk en ons sien Madagaskar en miskien Reunion uit die lug. Die huidige toeristeprys is 12 000 per persoon vir sewe dae (20 November 2013.)  Moontlik kan ons ’n groepprys beding. As u wil saam na die stamgrond van ons Saaymans en De Vriese, en die toneel van menige tragiese en rare gebeurtenisse, bel asseblief sonder versuim vir sekretaris Rudolf Rode (telefoon hierbo) voor 31 Desember 2013 en sê: Ons wil graag saam gaan Mauritius toe. Lees solank die hoofstuk oor die Kompanjie op Mauritius in my *Buiteposte*-boek, en die menslike tragedie in my *Eilande*-boek, of in Nederlands: *Stemmen uit Zee,* pas weer in Amsterdam herdruk.)

**Komiteesake:**

Eers die slegte nuus. Komiteelid (ledesekretaris) Boudewyn de Vries moes na vyf jaar bedank oor werksverpligtinge. Dit is vir ons ’n groot verlies, want hy het ervaring en vaardighede wat vir ons van groot waarde is. Ons hoop dat een van ons lede by die volgende Algemene Jaarvergadering op 20 Maart 2014 sal vorentoe kom en sy plek vul. Die goeie nuus is dat lid Rudolf Rode as ons komitee-sekretaris waarneem (’n pos wat lank vakant was) en dat hy gewillig is om by die komende AJV daarin bevestig te word. Hy bring sy entoesiasme en ’n hele briewetas talente na ons komitee.

**Ledegeld**

Die tesourier bedank al ons lede wat reeds hulle jaargeld betaal en ook vrywillige skenkings gemaak het. Hy vra die ander lede om dit asseblief so gou as moontlik af te handel, sodat hy sy boeke vir die jaar kan sluit.

*Behouwde vaert!*

D. SLEIGH (dr)
REDAKTEUR
30 November 2013

Die Redakteur
Die Burger
Kaapstad

Geagte mnr Booyens

By Martiens van Bart se aftrede aan die einde van November wil ek graag namens ons lede dank en waardering vir sy jarelange bydrae tot bewaring betoon. Sy onthullende, goed-geïllustreerde artikel oor die Graanskuur in *Eiendomme* van 9 November is ’n tipiese voorbeeld. Sy naam het sinoniem met kultuurjoernalistiek geword. In hom het *Die Burger* iets gehad wat die Engelstalige koerante nie gehad het nie, naamlik ’n entoesiastiese bewaringsjoernalis. Ek weet dat Engelssprekendes deur die land op Saterdae *Die Burger* gekoop het, vir Martiens se gereelde bydraes oor kultuurgeskiedenis.

Eers was hy redakteur van die bylae *Kultuurkroniek,* bladsye propvol interessante inligting oor historiese argitektuur, skilderye, boeke, ens. Die bylae was lewendig van interaksie. Die koerant het later Martiens se ruimte verminder, maar dit het nie sy geesdrif geblus nie. Hy het steeds kultuurgeskiedenis verkondig, selfs in die veilings-bylae het hy sy geloof in kultuurbewaring oorgedra en interessant gemaak.

Hy het ook persoonlik moeite gedoen om fondse te bekom vir o.a. die restourasie van die Komediehuis (nou St Stephen's Kerk) en die Hugenote Gedenkskool in Daljosaphat. Hy het dit reggekry om geesdrif by lesers te skep, sodat hulle wedywer om boeke en skilderye te skenk om vir die saak opgeveil te word. Hy het dit ook reggekry om 'n belangstelling in algemene geskiedenis -nie net Afrikaner geskiedenis nie- te wek, iets wat die jammerlike verval van die skoolvak effens kon teenwerk.

Hy was ons Stigting en ons doelwitte (VOC-bewaring en -opvoeding) altyd goedgesind. Vir die VOC se 400ste herdenking in 2002 het hy 'n volle geïllustreerde bylae uitgegee, en weer vir die 200ste herdenking van die Slag by Blaauwberg (2006). *Die Burger* was die enigste Kaapse koerant om dit te doen.'n Paar van die geboue uit die VOC-tyd waarvan hy die bewaring onvermoeid bepleit het, of oor verslag gedoen het, was die Graanskuur aan Strandstraat, die Palace Barracks in Simonstad, die Brand-huis in Glencairn en Kasteel de Goede Hoop. Uit waardering het ons in 2002 ons Silwer Medalje aan hom toegeken.

Martiens se styl was kenmerkend; hy was een van die min 'karakters' van moderne joernalistiek. Ons bedank graag *Die Burger* wat as medium sy diens aan bewaring moontlik gemaak het. Dit was 'n voorreg om met hom saam te werk. Ons, bewaringsgesindes sal hom mis.

J.L. Hattingh (Prof.)
Voorsitter: Stigting VOC